

Pietermouritsburg,
den 29 October 1839.

Seer geliefde broeders susters en vrienden in den Heer als meden alle amspersonen sowel Kerkelyk als andersins. Daar wy voornemens zyn op bovengemelde dorp een ware geriformeerde Kerk ofte ware geriformeerde godsdiensdig huyse op te bouwen, Soo begeren wy op die allereerbiedigste en nedrigste wyse van UE, een almoes te doen tot opbouwing van het zelven; de minste en geringste penningen sal in groten aanmerking genomen worden. Die armoedigen toestand wegens rinnuweringe door Silkaats en dunkaan [Dingaan] aan verschydene mensen gedaan dring ons tot noodsaakkelykheid UE assistensie, hulp en bystand te vragen van alle weldinkende personen, die tragte sal dat onse ware gereformeerde Kerken hier in ons land opgebout sal worden en dat den dierbare evangelium den gehele wereld door sal verkondig word."

Op hierdie intekeningslyste is ruimskoots bygedra deur baie belangstellendes uit verskillende dele van die land.

Reeds in die begin van 1840 moet die kerkie voltooi gewees het, want uit die oudste doopregister van die gemeente blyk dat die sendeling-leraar, Eerw. Erasmus Smit, op Sondag, 15 Maart 1840, vir die eerste maal die doop daarin bedien het.

Van hierdie historiese kerkie sê Dr. Theal, ons bekende historieskrywer, in sy Voorrede van my Monumente-Album dit : „Dit sou tevergeefs wees om in enige ander land te soek na 'n gebou met 'n geskiedenis van lyding, moed en uiteindelike oorwinning wat, gebore uit die gehegtheid aan God en Sy Woord, gelykstaan met dié wat aan genoemde kerkie verbind is. Dit is soos 'n lewende stem, wat tot iedere Afrikanerhart met nadruk en onweerstaanbare krag spreek.”

Wat die verdere lotgevalle van hierdie kerkie betref — daaroor verstrek Mn. M. Basson, die Natalse Archivaris, die volgende besonderhede :

Tot 1856 is daar dienste in die Voortrekkerskerkie gehou. In daardie jaar is 'n begin gemaak

met die bou van 'n nuwe Ned.-Geref. Kerk naas die Voortrekkerskerk. Dit is die teenswoordige Ned.-Geref. Kerk van Pietermaritzburg.

Vir enige jare na 1856 was die Voortrekkerskerkie gebruik vir 'n skool en het die Natalse Regering dit ook vir dié doel 'n tydlank in huur gehad. As gevolg van geldelike moeilikhede waarin die Ned.-Geref. Kerkraad geraak het, is dit besluit om die kerkie te verkoop; en die heer D. Whitelaw het dit in 1874 vir die som van £600 gekoop. Die kerkie het nou in alles voorsien, behalwe om aan sy oorspronklike doel te beantwoord. Die geboutjie het moes diens doen as 'n wamakerswinkel, fabriek vir minerale water, aptekerswinkel en 'n teekamer.

Die gedagte het van tyd tot tyd by verskeie persone gaan posvat dat die plig op die Afrikanervolk rus om die geboutjie te bewaar vir die nageslag as 'n geskiedkundige oorblyfsel. Die Ned.-Geref. Kerkraad van Pietermaritzburg het die eerste stap in hierdie rigting geneem: 'n Kommissie bestaande eers uit kerkraadslede is in 1908 benoem om op die saak in te gaan. Die eerste stoot in hierdie aangeleentheid het van die Kerk uitgegaan; die laaste is gegee deur Ds. G. M. Pellissier en die here John Hershensohn en E. G. Jansen met Mevr. Ds. E. Z. J. de Beer — 'n kommissie wat dus afsonderlik van die kerkraad opgetree het. 'n Opsie is deur die bogenoemde here van die heer W. H. Buchanan, die toenmalige eienaar van die gebou, verkry. As gevolg van bemoeidiging deur openbare bydraes van oor geheel Suid-Afrika, is op 22 Februarie 1910 die geboutjie vir die som van £1,750 aangekoop, met die doel om daarvan 'n oudheidsmuseum te maak. Die kerkie is daarna weer so na aan sy oorspronklike vorm as moontlik verander, en op 16 Desember 1912 oop verklaar vir die volk van Suid-Afrika.

Per slot van sake is die kerkie as 'n Voortrekkersmuseum met Voortrekkersoudhede aan die Unie-regering oorgedra onder voorwaardes wat deur die kommissie gestel was.

2. IN DIE VRYSTAAT.

Die stigting van die gemeente Bloemfontein het plaasgevind op 30 November 1848 by geleentheid van die besoek van Drs. P. E. Faure en W. Robertson, wat vanweë die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk afgevaardig was „om de gewesten ten noorden van die Oranjerivier te bezoeken, ten einde de geestelike belangen der aldaar wonende leden der Gereformeerde Kerk naar vermogen te bevorderen.”

In die namiddag van dieselfde dag is die eerste kerkraadslede in hulle amp bevestig. Daar was toe nog nie 'n kerkgebou nie. Die godsdiensoefeninge is in dié dae gewoonlik onder gespanne bokseile gehou. Met die stigting van die gemeente, egter, is gevoel geword dat daar met die bou van 'n kerk dadelik aanstalte moes gemaak word, wat dan ook gedoen is. En toe die bowegenoemde deputasie by die begin van die volgende jaar op hulle terugreis na die Kaap was, het die plegtige hoeksteenlegging van die gebou plaasgevind. Daaromtrent is daar in die oudste notuleboek van die gemeente die volgende aantekening :—

PRO MEMORIA.

Bloemfontein,
6 Jan. 1849.

Op heden den dag bestemd voor het leggen van den hoeksteen van eene kerk aan deze plaats vergaderde de gemeente in den uamiddag. De Wel.Eerw. Heer P. E. Faure sprak eene leerrede uit over 1 Pet. 2: 6, 7. Daarna begaf zich de gemeente, voorafgegaan door de leeraars en den

Britschcn Resident, Majoor Warden,¹⁾ naar de plaats waar de Kerk gebouwd zal worden. Op de plaats gekomen, deed de Wel.Eerw. Faure een gebed, liet zingen Gez. 1: 4, deed vervolgens een aanspraak, en terwijl de gemeente Ps. 118: 11 zong, werd de hoeksteen neergelaten en door Majoor Warden gelegd, die daartoe door den kerkraad was uitgenodigd. Daartoe verklaarde Zijn Ed. zijne bereidwilligheid om de gemeente in alle opzichten bij te staan om deze tempel ter eere Gods te helpen optrekken. De Wel.Eerw. Heer Robertson deed toen een zeer gepaste aanspraak en daarna een plechtig gebed. De gemeente zong vervolgens Gez. 155: 5. en de Wel.Eerw. Heer Faure sloot met den gewonen Apostolischen zegen.

(Was geteekend)

P. E. FAURE,
W. ROBERTSON,
Synodale Deputaten.
W. S. PRETORIUS,
J. VAN ZYL,
Ouderlingen.
J. D. GRIESEL,
P. W. COETZER,
A. J. ERWEE,
J. P. MAREE,
Diakenen.


Op versoek van hierdie kerkraad het saam met hul as boukommissie gedien die genoemde Britse Resident en 'n seker Mn. Allison, terwyl 'n Mn. Allan die boukommissie as sekretaris behulpsaam was. Die boumeester was Mn. C. E. Fichardt, die vader van die bekende Fichardt-familie op Bloemfontein.

Dit het etlike jare geduur voordat die kerkgebou voltooi was. Met die bevestiging van Ds. Andrew Murray, die eerste vaste predikant van die gemeente, op 26 Mei 1849, is die diens, volgens wyle Ds. G. Radloff, wat dit as 'n seuntjie van

¹⁾ Majoor Warden was die Britse Resident van die teenswoordige Vrystaatse gebied, wat in 1848 geannekseer was onder die naam Oranje-Rivier-Sovereiniteit — 'n agtenswaardige man, na wie die dorpie Warden genoem is.

sewe jaar bygewoon het, nog in 'n groot tent van gespanne bokseile gehou.

Eers in 1852 was die gebou klaar. Omtrent die inwydingsplegtigheid word die volgende beson-



Eerste Kerkgebou te Bloemfontein.

hede aan *De Vriend van de Souvereiniteit* van 19 Junie 1852 ontleen :—

„Verleden week op Vrydag, 5den Junij 1852, is een treffend getal wagens na Blcemfontein gekomen. Ja ! het was een treffend gezigt om eenen

langen rij wagens, elkeen met zes paarden voor in onze kleine stad te zien rollen, den eenen kort agter den anderen. Het getal is tot op Zaterdag tot 180 vermeerderd geworden, het welk op een middel getal van acht dieren voor elken wagen, zou op den dorp 1,440 ossen en paarden uitmaken. Tegen 5 mensen bij elken wagen (een lage scatten) waren daar 900 vreemdelingen in de stad. De Hollandsche kerk (een fraai gebou op een kosten van 1,500 pond sterling opgericht) is met eenen godsdienst op Zaterdag, den 29sten 1.l. geopend geworden, en op Zondag en Maandag zijn speciale godsdiensten gevied geworden. De Predikanten, die met deze gelegenheden gediend hebben, waren de Eerw. Heer Andrew Murray, van Bloemfontein, de Eerw. Heer Neethling, van Prins Albert, de Eerw. Heer van Velden, van Winburg. De kerk vergadering beliep omtrent 800 mensen. Op Zondag avond waren wij tegenwoordig toen de Eerw. Heer John Murray, van Burghersdorp, predikte. Het was niet juist de plek om over politieke zaaken te peinzen, maar wij konden niets anders dan wenschen dat Generaal Cathcart²⁾ 800 Europeanen gezien kon hebben, net zoo wel gekleed als eenige kerkvergadering in de Kaapsche Colonie, na het Evangelie luisterende van de lippen van eenen voorbeeldigen jongen Evangeliedienaar, die al heeft hij niet al zijns broeders vurigheid, heeft veel van zijns vaders godsvrucht. ,Geef de Souvereiniteit

²⁾ Generaal Sir George Cathcart, na wie die dorp Cathcart heet, was indertyd die Kaapse Goewerneur (1852-1854). Hy had wel die agtste Kafferoorlog in die ou Kolonie tot 'n suksesvolle end gebring, maar in die stryd teen Moshesh het hy by die Bereaberg in Basoetoeland so 'n sware verlies gely dat die nederlaag die eerste stoot gegee het aan die ophoffing van die Soevereiniteit en die teruggawe aan die Boere van die Vrystaat as 'n onafhanklike Republiek.

op'³) peinsden wij, en deze menschen tot de genade overlaten van eene zamenleving, waar het sterkste man de baas zou zijn? Onmogelijk. Eene kleine gebeurtenis heeft ons veramuseerd en behaagd. De Heer Sluiter⁴) klaarblijklik uit te veel zingen—afgemat geworden, en met het uiteinde van den godsdienst van Zondag avond wenkte hij de Heer van Velden toe, die eene goede stem heeft om hem met het voorzingen te helpen. Daar was eenig uitstel met de bladzijde te vinden, toen braaf oud Willem Sterrenberg Pretorius⁵) den Ouden Honderdsten Psalm uitgaf, denwelken de gansche vergadering in voortreffelijke wijs, en met groot ijver tezamen zongen. De nieuwe Hollandsche kerk is een fraai gebouw. Mogen daar vele dergelijke in dit nieuwe land ontstaan en eerwaardige evangeliedienaaars om het te vullen."

Hierdie kerk het diens gedoen tot 1878, toe dit vervang is deur die teenswoordige kerk, wat op dieselfde terrein gedurende die dienstyd en onder leiding van Ds. G. Radloff gebou is.


³) Hierdie geroep het later trots teëstand so sterk geword dat op 23 Februarie 1854 die Konvensie van Bloemfontein geteken is, waardeur die Soevereiniteit opgehou het om te bestaan en 'n suster-Republiek gebore is van die S.A. (Transvaalse) Republiek, wie se onafhanklikheid op 17 Januarie 1852 deur die Sandrivier-Kommissie erken en gewaarborg was deur Engeland.

⁴) Mr. D. Sluiter, 'n Hollander, was (1851) hoof van 'n Instituut vir die Opleiding van Onderwysers, wat Ds. J. Spyker in die Kaapstad opgerig het. Later was hy onderwyser op Burgersdorp, vanwaar hy waarskynlik met sy predikant, Ds. (later Prof.) J. Murray, na die Bloemfonteinse inwyding gegaan het.

⁵) Hierdie Pretorius geboortig uit Graaff-Reinet was 'n neef van die vermaarde Kommandant, Generaal Andries Pretorius.

3. IN TRANSVAAL.

Die hoofstad van die Transvaal is in 1854 tot dorp uitgegee. Omrent die oorsprong van die naam gee Dr. S. P. Engelbrecht, die erkende



Die Eerste Kerk op Pretoria.

historikus van die Hervormde Kerk, die volgende besonderhede :—

„Sommigen beweren, dat het dorp genoemd is naar Generaal Andries Pretorius, anderen weer

naar zijn zoon, Martinus Wessels, terwyl niet verklaard kan worden, hoe de naam Pretoria ontstaan is uit Pretorius. Een onderzoek hieraan heeft aan het licht gebracht dat Ds. van der Hoff, die bij zijn komst in Transvaal de gemeenten Potchefstroom, Rustenburg, Zoutpansberg en Lydenburg vond, nog een vijfde gemeente heeft gesticht in het centrum van deze vier gemeenten, onder de naam Pretoria Philadelphia, of Pretorius broederschap, met de uitdrukkelike vermelding, dat deze naam gegeven word ter nagedachtenis aan Generaal Andries Pretorius. Het jaar daarop is deze kerkplaats tot dorp uitgegeven onder de naam van Pretoria, met weglating van het woord Philadelphia.”

Ds. van der Hoff, wat op Potchefstroom woonagtig was, het van tyd tot tyd die dorpie besoek en daar godsdiensoeferinge gehou. In 1857 het die eerste kerkgebou op Pretoria tot stand gekom. Daarvan sien die leser hier 'n prentjie. Dit is 'n portret, wat met 'n Nagmaalsgeleentheid geneem is. Daar is niks waaraan ons die huidige Kerkplein in die portret kan herken nie. Vir die oplettende leser, wat met die omtrek van Pretoria bekend is, sal die berg, wat agter die bome sigbaar is, bekend wees. Dit is nie so heel lank gelede dat die waens en tente om die plein rondom die latere kerk gestaan het nie, en daar saans 'n gebulk van beeste en 'n geroep van volk was, wat aan 'n groot boerplaas herinner het.

Ds. van der Hoff het op 22 Februarie 1857 die inwydingsrede gehou en by dié geleentheid 114 kinders gedoop en oor die 100 lidmate voorgestel, terwyl die kollekte ruim £12 bedra het. Dit was 'n besonder hoë som in daardie dae, maar dit was nie 'n wonder nie, want daar was oor die 200 waens behalwe 'n menigte mense te perd. Die

kerkgebou was dan ook heeltemal te klein vir die menigte, nienteenstaande die mense selfs bo op die balke gesit het nie.

Ds. A. J. Begemann was die eerste vaste leraar van die gemeente (1861 tot 1872). Gedurende sy dienstyd (in 1865) is die kerk wat op die kerkplein gestaan het en langwerpig was, vergroot deur die aanbou van 'n vleuel.

Toe Ds. Begemann in 1872 aftree, het die gemeente 'n paar jaar vakant gebly. Die volgende leraar was Ds. (nou Dr.) H. S. Bosman, wat op 15 Julie 1876 in hierdie selfde ou kerkie deur Ds. van der Hoff bevestig is. Hy deel mee dat dit 'n kruiskerk met grasdak en grondvloer was sonder toring, plafon, banke of stoele — elke kerkganger moes sy eie stoel meebring.

Die preekstoel was 'n kis met groen baai oorgatrek. Dr. Bosman het in die kerk gepreek tot 1882, toe dit afgebrand het. Dit was veelbewoë dae in Transvaal, en van die ou mense het gesê en geglo dat die afbrand 'n oordeel van God was, omdat Sir Theophilus Shepstone daarin by die eerste anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 as Britse Administrateur ingesweer is.* Die brand was nie huis 'n groot ramp nie, want die gebou was baie klein en ondoelmatig, en daar die gemeente, wat in 1885 verenig is met die Ned. Herv. of Ger. Kerk, intussen baie talryk en finansieel sterk geword het, in staat was om 'n groter en doelmatiger kerk te bou, het hulle dit

* Hierdie gebeurtenis het plaasgevind 19 Mei 1877 en daaromtrent kom in *Het Volksblad* van 31 Mei d.a.v hierdie telegram voor: „Administrateur verleden Zaterdag beëdigd in de Hervormde Kerk te Pretoria door Rechter Kotzé. Grootte opkomst van het publiek. De plechtigheid was eenvoudig maar indrukwekkend.” Regter (later Hoofregter en Sir John) Kotzé leef nog en is tans in sy 84ste jaar. Hy vertel dat voor hy die Administrateur beëdig het, laasgenoemde hom as regter ingesweer het. Dr. H. S. Bosman het by dié geleentheid 'n gebed gedoen.

onverwyld gedoen, met die gevolg dat daar op dieselfde terrein in 1885 'n mooi godshuis tot stand gekom het. Dit het £18,000 gekos en was die eerste gebou van enige betekenis in Transvaal.

XI.


DIE RING VAN TRANSGARIEP.

Toe die Kaapse Kerk in 1847—'48 die Kommissies gedeputeer het „om de gewesten ten noorden van de Oranje Rivier te bezoeken ten einde de geestelike belangen der aldaar wonende leden der [Ned.] -Geref. Kerk naar vermogen te bevorderen,” het die gemeentes wat daar reeds opgerig was en toe gestig is nie in organiese en juriediese verband met mekaar en met die Kaapse Sinode gestaan nie. In hierdie onbevredigende toestand is egter ten gevolge van gemelde afvaardiging 'n noodsaaklike verandering ten goede gekom. Die Sinodale Kommissie wat in 1850 op Swellendam vergader het, het besluit dat die gemeentes van die „Souvereiniteit” (O.V.S.) met die van Natal beskou sou word as die Ring van Transgariep, d.w.s., die Ring aan die ander sy van die Gariep (= Oranjerivier). In die Notule staan :

„Door Dr. Robertson voorgesteld zijnde dat de gemeenten der Gereformeerde Kerk in de Souvereiniteit, in vereeniging met die van Natal den Ring van Transgariep uitmaken, en door die Leden der Commissien, die aldaar geweest waren, door de Synode en Synodale Commissie gevoldmagtigd om alles te doen wat behoorde gedaan te worden om de belangen der Kerk te bevorderen, de noodzakelijkhed aangetoond en beweerd zijnde van dezen maatregel, daar die gemeenten tot geenen Ring behooren, en ontstane geschillen dus ook niet beslecht kunnen worden, zoo besloot de vergadering [met uitzondering van Dr. Scholtz] dat voorstel aan te nemen en die gemeenten te verklaren den Ring van Transgariep uit te maken.”¹⁾

¹⁾ Kaapse Kerkargief, S.K. 2.

In 1851 kon hierdie nuwe Ring weens onluste in die „Souvereiniteit“ nie vergader nie, en toe die jaar daarop, 1852, ook die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Sinode ingelyf is, is besluit dat ook hierdie gemeentes sou behoor by die Ring



Ds. D. VAN VELDEN.

van Transgariep, sodat hierdie Ring dan sou bestaan uit Pietermaritzburg, Winburg, Fauresmith, Smithfield, Bloemfontein, Harrismith, Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg²⁾). Die selfde Sinode het tot voldoening van sekere vereistes insake die toereiking aan konsulente van

²⁾ Dr. G. B. A. Gerdener, Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Ger. Kerk in die Transgariep, pag. 10.

gemeentes besluit om Ds. A. Murray (Bloemfontein) tot voorsitter van die Ring te benoem, en tot konsulent van Pietermaritzburg, die predikant (Ds. D. van Velden) van Winburg. Die eerste Sitting van die Ring het in Oktober 1853 op Bloemfontein onder voorsitterskap van Ds. A. Murray plaasgevind. As Scriba het ageer Ds. D. van Velden.

„Dirk van Velden was een Hollander van geboorte en door het Consistorie van Lille tot den H. Dienst geordend. Na zes jaren te Leuven in België gearbeid te hebben, kwam hij in 1849 aan de Kaap. De Vrystaat was toen onder Britsch gezag, en Sir Harry Smith, de gouverneur der Kolonie, verzocht de Kaapsche Synode om twee predikanten te zenden naar den Vrijstaat en beloofde voor het salaris te zullen zorgen. Twee blanco beroepsbrieven werden toen naar de H.H. Royaards en Vinke, professoren te Utrecht, gezonden en door hunne bemiddeling kwam Ds. Van Velden naar de Kaap. Van half liberale zijde werden pogingen in het werk gesteld om zijne legitimasie te verhinderen, doch zonder gevolg. Hij was met Ds. Andrew Murray tot 1852, de eenige leraar der Kerk in den geheelen Vrijstaat en was later predikant te Ladismith in die Kolonie, waar hij 23 Junie 1878 overleed.”³⁾

Behalwe Di. A. Murray en D. van Velden wat op die Ringsvergadering teenwoordig was, het nog slegs een ander predikant, Ds. P. Roux dit bygewoon. Hy was Afrikaner van geboorte, synde gebore aan die Paarl in 1825. Hy het sy teologiese opleiding eers in Duitsland en later in Holland ontvang, oorspronklik met die doel om as predikant van die Luterse Kerk te dien. By sy terugkeer egter, het hy die leraarsamp van die Ned.-Geref. Kerk aanvaar en eers tydelik die gemeente Knysna en later as herder en leraar die gemeente Smithfield bedien. Te Smithfield is hy op 21 Mei 1853 bevestig deur die Konsulent, Ds.

³⁾ F. Lion Cachet, *Vijftien Jaar in Zuid-Afrika*.

A. Murray, naas wie hy nadat Ds. van Velden na Ladismith vertrek was, 'n tydlank die enige predikant in die Vrystaat was. Hy het sy bediening aanvaar met die woorde uit Romeine 1:16 en die gemeente met getrouheid gedien tot 1875 toe hy sy emeritaat aanvaar het. Gedurende sy




Ds. P. Roux.

dienstyd het hy die hele Basoetoe-oorlog van 1865 as veldprediker met die burgers deurgemaak, en was hy, toe Thaba Bosigo bestorm is, teenwoordig toe die dapper kommandant Louw Wepener gesneuwel het. Hy het die Vrystaatse Kerk getrou gedien—eenmaal, in 1869, selfs as Moderator van die Sinode. Nadat hy emeritus geword het

het hy eers in en later naby die Kaapstad gewoon. Die orige jare van sy lewe het hy geensins in ydele rus deurgebring. Steeds het hy nuttig werkzaam gebly, met die waarneming van preekbeurte, die bediening van vakante gemeentes en die besoek van noodlydendes en krankes. Op 11 September 1913 is hy in die hoë ouderdom van ag-entagting jaar ontslape.

Die Ring van Transgariep het nagenoeg jaarliks vergader en toe die tweede sitting in Oktober 1853 op Winburg gehou is, was daar 'n nuwe predikant in die persoon van Ds. A. A. Louw van Fauresmith bygekom. Ná volbragte studie in Holland is hy in 1855 na sy vaderland teruggekeer en op 15 Mei in sy gemeente deur die konsulent, Ds. P. Roux, bevestig. Twee jaar ná sy aankoms het hy op las van die Kaapse Sinode en in vereniging met Ds. J. H. Neethling van Stellenbosch 'n uitgebreide reis deur die Transvaal gedoen om die verafgeleë lede van die Kerk daar tot in Lydenburg te besoek. In 1867 het hy 'n beroep aangeneem na Murraysburg, waar hy gebly het tot 1882, toe hy leraar van die gemeente Noorder-Paarl geword het. Hy was 'n ywerige voorstander vir die oprigting van twee kerklike inrigtinge, die Teologiese Seminarie op Stellenbosch en die Normaalskool in die Kaapstad, waarvoor hy duisende ponde gekollekteer het. In 1897 het hy om gesondheidsredes op pensioen afgetree. Ds. Louw het 'n eienaardige, boeiende preekstyl gehad. Sy preke was enig in hul soort en het op die gemoed en in die geheue onuitwisbare indrukke agtergelaat. In sy omgang was hy baie beminlik, waartoe sy geestige en geheiligde humor en sy gevatte aanmerkinge nie weinig bygedra het nie. Op 24 Junie 1908 is hy aan sy woning te Noorder Paarl ontslape.

Op die tweede Ringsvergadering (1855) was die oprigting van 'n kollege vir die opvoeding van die Vrystaatse jeug, en die opleiding van jongeliede vir die onderwysersamp die vernaamste saak wat die aandag besig gehou het. Aanleiding daartoe



Ds. A. A. Louw.

was 'n gulle aanbod van Sir George Grey, die Kaapse Goewerneur. In die offisiële verslag staan :

„Ds. A. Murray brengt ter kennisse van de vergadering een voorstel door Zijne Excellentie den Gouverneur der Kaap Kolonie gedaan, betreffende de oprigting van eene Seminarie te Bloemfontein, voor het hooger onderwijs, en de begeerte Zijner Excellentie, dat eene Commissie mogt aangesteld worden om in correspondentie met hem te treden. De vergadering betuigt hare hooge ingenomenheid

met het voorstel, aangezien de behoefté aan scholen van den hoogeren rang in den Vrijstaat grootelijks wordt gevoeld, en betuigt haren dank voor de welwillendheid, die sulk een Seminarie geheel onder opzigt van den Ring wenscht te plaatsen,—benoemt dan eene commissie tot waarneming ervan.”⁴⁾

Die geval was dat Sir George Grey kort na sy aankoms in Suid-Afrika ’n reis onderneem het na Smithfield, waar hy ’n vergadering belê het (Oktober 1855) tussen President J. N. Boshof en die Basoetoe-opperhoof Moshesh, in ’n poging om,



SIR GEORGE GREY.

indien moontlik, verdere oorlog tussen die Vrystaters en die Basoetoes te voorkom. Sy oplossing was die stigting van die Grey-kollege, in die oortuiging dat opvoeding die vernaamste vereiste was om die duisternis van die omringende barbaarsheid te verban. Hy het gemeen dat die jeug wat hul opleiding aan die inrigting sou ontvang bekwaam gemaak moes word, nie alleen om

⁴⁾ *De Kerkbode*, Deel VIII (1855), bl. 282.

die staatsbetrekkinge te beklee nie, maar ook om onder die heidene te gaan arbei. Die gevolg van die onderhandelinge tussen die goewerneur en die kommissie uit die Transgariepse Ring was die skenking van die som van £5,000 vir gemelde doel en die totstandkoming van die Grey-kollege in Januarie 1859. Ds. Andrew Murray was die eerste rektor van die inrigting. Hy is deur andere opgevolg, dog die man wat as rektor die inrigting eintlik tot bloei bring het was Dr. J. Brill (1873—1907). In laasgenoemde jaar het die inrigting opgegaan in die Grey-Universiteitskollege, wat naas die Grey-Hoërskool uitstekende werk tot vandag toe doen.

Die Ring van Transgariep het 'n kortstondige bestaan van slegs tien jaar belewe, daar hy ten gevolge van verwikkelinge in die Kaapse Kerk in 1862 ontbind is en opgegaan het in twee ander Ringe, naamlik die Vrystaatse en Natal-Transvaalse Ringe. Reeds in 1857 het die Kaapse Sinode besluit dat die gemeentes van Natal 'n afsonderlike Ring sou vorm, sodra hulle drie leraars het.⁵⁾ Dr. H. E. Faure was toe nog die enige leraar. Nog dieselfde jaar het hy in Ds. D. P. M. Huet, as predikant van Ladysmith 'n kollega bygekry en was dit nie dat Dr. Faure in 1858 om gesondheidsredes moes aftree nie, dan kon in 1861, toe Ds. L. G. F. Biccard bevestig is as predikant van Greytown, aan die besluit uitvoering gegee gewees het. Weliswaar het Lydenburg, wat ook tot die Ring sou behoor het reeds in 1858 'n eie predikant gekry in Ds. P. A. C. van Heyningen, dog dieselfde jaar is die onafhanklike republieke Lydenburg en Utrecht kerklik en staatkundig met mekaar verenig en in 1859 by die Transvaal ingelyf en om dié rede is van die voor-

⁵⁾ Kaapse Kerkargief, S.10, pag. 98.

gestelde Ring van Natal vereers niks tereggekom nie. Tydens die Kaapse Sinode van 1862 is die laaste Transgariepse Ringsvergadering in die Kaapstad gehou en ontbind.⁶⁾ Die ontbinding was 'n regstreekse gevolg van 'n uitspraak van die Hooggereghof wat verklaar het dat ditstrydig met die bepalinge van die Ordonnansie van 1843 was dat afgevaardigdes van gemeentes buite die destydse grense van die Kaapkolonie sitting in die Kaapse Sinode sou hê.⁷⁾ Gevolglik moes die gemeentes van die state benoerde die Oranjerivier van toe af as afsonderlike kerke gekonstitueer word. Die Ned.-Geref. Kerk van die Oranje-Vrystaat en van Natal dagteken van 1865, terwyl die Ned.-Geref. Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek wat in 1885 met die Ned.-Hervormde Kerk verenig is, in 1866 onder 'n eie Sinode tot selfstandigheid gekom het onder leiding van Ds. F. Lion Cachet van Utrecht.

⁶⁾ *De Kerkbode*, Deel XIV (1862), 196.

⁷⁾ Die oorspronklike Notuleboek van die Ring van Transgariep het blybaar verlore gegaan. Dr. G. B. A. Gerdener, die uitgewer van *Boustouwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep* kon dit nêrens vind nie. In die Kaapse Kerkargief is daar egter aanwesig 'n boekdeel gemerk G. 14 Doop en Ledematen Registers van den Ring van Transgariep bevattende afskrifte van die gemeentes Harry-Smith, Bloemfontein, Winburg, Fauresmith, Pietermaritzburg. Van Smithfield is daar 'n afsonderlike boekdoel gemerk 8a Geauthentiseerde Afschriften van Doop- en Ledematen, 1848—1835.

BLADWYSER.

Albertyn, J. R.	47	Gerdener, Dr. G. B. A.	112, 119
Albertyn, Ds. P. K. 40, 46, 48, 53, 76		Grey, Sir George	116
Archbell, Eerw. J.	22, 23, 91	Griessel J. D.	103
Bantjes, J. G.	96, 98	Groenewald, Dr. E. P.	75
Begeman, Ds. A. J.	109		
Berrangé, Ds. J. F.	40	Ham, Ds. P.	23
Biccard, Ds. L. G. F.	118	Herold, Ds. T. J.	3, 4, 53
Boshoff, J. N.	93	Heyns, Dr. S.	58, 67
Bosman, Dr. H. S.	109	Hiddingh, C.	93
Botha, Louw	45	Hofmeyr, Eerw. S.	60
Brill, Dr. J. J.	118	Huet, Ds. D. P. M.	118
Bronkhorst, J. G. S.	95		
Bührmann, H. T.	74	Jacobs, W.	38, 42
Burger, Barend	36		
Burger, J. J.	18	Kotzé, Sir John	109
Cachet, Ds. F. Lion	119	Krige, Ds. W. A. 17, 34, 36, 37, 38,	
Cathcart, Sir George	105	39, 40, 42.	
Cilliers, J. D.	99	Kruger, Gerrit	45, 46, 59
Cilliers, Sarel	91, 96, 98		
Cloete, Regter H.	27, 28, 32	Landman, C.	30
Coetze, W. J.	38	Landman S.	30
Coetzer, P. W.	103	Lauts, Prof. U. G.	84
Cory, Sir George	29	Lindley, Eerw. D.	20, 29, 32, 44
De Beer, Mev. E. Z. J.	101	Livingstone, David	58, 59, 60, 61
De Jager, A.	30	Louw, Ds. A. A.	115
De Jager, F.	30	Lubbe, A. I.	38
De Mist—Kerkorde	5, 15, 16	Lutense Kerk, Kaapstad	2
De Wet, Dr. J.	55, 67		
De Wit, Ouderling	41	Marais, Prof. J. I.	59
Dingaan	95	Maree, J. P.	103
Du Plessis, Prof. J.	61, 77	Maritz, Gert	93, 99
Du Plessis, Sarel	57	Maritz, J. S.	18, 91
Döhne, Eerw. J.	20, 21	Martineau	23
Durban, Sir Benjamin	11	Mocke, J. G.	18, 34
Du Toit, Ds. A. F.	25	Moorrees, Ds. H. A.	3
Du Toit, T. A.	38	Moorrees, Ds. J. C.	53, 58
Engelbrecht, Dr. S. P.	75, 107	Morgan, Ds. G.	3
Erwee, A. J.	103	Murray, Ds. A. Sr., 13, 40, 46, 48,	
Faure, Dr. A. 12, 17, 18, 25, 26, 28,		53, 70.	
29, 30, 31, 32, 33, 50, 52, 56, 69,		Murray, Ds. Andrew, Jr., 77, 82, 102	
70, 78.		Murray, Prof. John	77, 105
Faure, Dr. H. E.	118		
Faure, Dr. Philip 42, 53, 54, 56, 58,		Napier, Sir George	11, 15, 16, 27
60, 62, 66, 67, 69, 73, 77.		Neethling, Ds. J. H.	81, 105
Fourie, L.	30	Niemand, A.	57
Fraser, Ds. C.	18, 34, 36	Oberholster, G.	38
		Oberholster, M. A.	35

Pellissier, Ds. G. M.	101	Southey, R.	56, 57, '65, 73
Pienaar, Barend	40, 47	Stockenström, Sir Andries . . .	11
Potgieter, Kommandant	59	Stucki, Ds. A. C.	25
Preller, Wed. F.	76	Sutherland, Ds. H.	3
Pretorius, Andries, 17, 18, 57, 76, 97, 107.		Taylor, Ds. J.	8, 9, 10
Pretorius, Martinus Wessel . .	108	Theal, Dr. G. M.	35, 59, 100
Pretorius, W. S.	103, 106	Uys, Jacobus	17, 89
Radloff, Ds. G.	103, 106	Van der Hoff, Ds. Dirk, 84—88, 108	
Reid, Ds. T.	6, 7, 11, 13	Van der Lingen, Ds. G. W. A., 3, 17, 70.	
Reitz, Pres. F. W.	91	Van der Merwe, A.	42
Retief, Piet	17, 23, 93, 99	Van der Merwe, S. W.	38
Robertson, Dr. W.	53, 55, 57, 58, 60, 62, 66, 67, 111.	Van der Post, C. W. H.	91
Roux, Dr. A.	69, 70	Van der Westhuizen, I.	43
Roux, Ds. F.	113	Van Heyningen, Ds. P. A. C. . .	118
Scholtz, Dr. J. W. L.	70, 71	Van Niekerk, J. J.	38
Schoon, Ds. H. F.	91	Van Velden, Ds. D.	105, 113
Schultz, F.	93	Van Warmelo, Ds. N. J. . .	87, 88
Setyeli	60	Van Zyl, J.	103
Shand, Ds. R.	15	Viljoen, Ch.	91
Shepstone, Sir T.	109	Visser, C. J.	38
Sluiter, D.	105	Warden, Majoor	64, 103
Smellekamp	24, 34, 35	Weideman, R.	38
Smit, Eerw. Erasmus, 20, 93, 95, 100		Wolmarans, F. G.	87
Smith, Sir Harry, 45, 46, 50, 53, 57, 62, 65.			

NASKRIF.—Op bl. 5 e.v. word gepraat van die „Kerk-order” van De Mist op voetspoor van die Wetboek van die Ned.-Geref. Kerk (1929). In die nuwe uitgaaf (1932) word egter 'n verbetaerde en wel die korrekte aanduiding aangegee t.w. Kerk-orde van De Mist.

